# MENLO-MUSIEK-AKADEMIE









*Beste Ouer*

**Welkom by die Menlo-Musiek-Akademie! Hier word lesse vir alle musikante aangebied; die wat eksamen wil speel en die wat musiek net wil geniet.**

**Instrumente**

- Klavier (klassieke en ligte musiek)
- Klawerbord
- Dwarsfluit
- Saksofoon
- Trompet
- Klarinet
- Tromboon
- Franse horing
- Viool
- Tjello
- Sang (klassieke en ligte musiek)
- Akoestiese en Elektriese Kitaar
- Klassieke kitaar
- Baskitaar
- Ukulele
- Tromme

**Musiekteorie: Graad 1 tot 6**

- UNISA
- ABRSM
- Rockschool

**Eisteddfods**

- Menlo-musikante word aangemoedig om aan ten minste een konsert of eisteddfod per jaar deel te neem.
- Deelname is nie verpligtend nie.
- Geleenthede waaraan leerders gedurende die jaar kan deelneem, sluit die volgende in:
  - Voorspeelkonserte
  - Winterkonsert
  - Lentekonsert
  - Eisteddfods
- Ons beplan om geleenthede vir bands, ensembles, musiektegnologie, studio-opnames en klank te skep.

**Lesgelde**

- Leerders ontvang veertig lesse per jaar.
- Die koste is in vaste paaiemente betaalbaar.
- Die volgende betalingsopsies is beskikbaar:


| | **EEN betaling per jaar** | **VIER betalings per jaar** | **TIEN betalings per jaar** |
|---|---|---|---|
| **Prakties: 60 minute per week** | R16 777 | R4 195 | R1 678 |
| **Prakties: 45 minute per week** | R12 583 | R3 146 | R1 258 |
| **Prakties: 30 minute per week** | R8 389 | R2 098 | R839 |
| **Teorie: 45 minute per week (Individueel)** | R12 583 | R3 146 | R1 258 |
| **Teorie: 45 minute per week (Groepklas)** | R6 292 | R1 573 | R629 |

# MENLO-MUSIEK-AKADEMIE













### Betalingsdatums

- Betalings moet asseblief stiptelik voor of op die volgende sperdatums geskied:
  - Voor of op 31 Januarie: Eerste paaiement is betaalbaar.
  - Tien betalings: Voor of op die 20ste van elke maand.
  - Vier betalings: Voor of op 20 April, 20 Julie en 20 September.

### Kalender: 2025

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1 | 20 Januarie – 28 Maart |
| Kwartaal 2 | 8 April – 27 Junie |
| Kwartaal 3 | 22 Julie – 3 Oktober |
| Kwartaal 4 | 13 Oktober – 28 November |

### Inskrywingsprosedure

- Voltooi asseblief die inskrywingsvorm volledig.
- ’n Onderwyser van die Menlo-Musiek-Akademie sal u binne twee dae na ontvangs van u inskrywingsvorm kontak.
- Ons verwelkom graag leerders van ander skole asook volwassenes.

### Lesbywoning

- Daar is geen lesse gedurende die vakansie nie.
- Daar is geen lesse op openbare vakansiedae nie.
- Geen korting of terugbetaling word toegestaan vir lesse wat nie bygewoon word nie.
- Lesse word verbeur indien dit op kort kennisgewing gekanselleer word, of indien leerders nie vir ’n les opdaag nie.
- Indien ’n les weens buitengewone omstandighede misgeloop word, moet die onderwyser ten minste 24 uur voor die les begin skriftelike kennis (whatsapp of e-pos) ontvang.
- Onderwysers sal poog om lesse wat as gevolg van ’n noodgeval op kort kennisgewing gekanselleer is, in te haal.
- Lesse wat deur ’n onderwyser gekanselleer word, sal ingehaal word ongeag of dit op kort kennisgewing of vroegtydig gereël is.

### Staking van lesse

- Kennisperiode vir die staking van lesse is een kwartaal.
- Kennis moet binne die eerste twee weke van die kwartaal gegee word om lesse aan die begin van die volgende kwartaal te staak.
- Kennis kan slegs gegee word deur ’n e-pos met die volgende inligting aan mnr. Leon van der Berg te stuur:
  - ouer en leerder se naam en van;
  - instrument en
  - onderwyser.

### Musiekteorie

- Daar is slegs een groepklas per graad (graad 1 tot 6).
- Die tye van die groepklasse is by me. Trix Klopper en mnr. Leon van der Berg beskikbaar.
- Groepklasse word slegs aangebied indien daar twee of meer leerders in dieselfde graad is wat lesse op dieselfde tyd kan bywoon.
- Indien ’n groepklas nie moontlik is nie, is daar steeds ’n opsie om individuele teorielesse te neem.

### Rekeningbesonderhede

| | |
|---|---|
| Rekeninghouer | Die Hoërskool Menlopark |
| Bank | Nedbank Pretoria Kommersieel |
| Takkode | 149 745 |
| Rekeningnommer | 149 712 4069 |
| Verwysing | U sal gehef word onder BUITEMUURS. Die faktuurnommer wat u as verwysing gebruik, verskyn bo in die regterkantste hoekie van die staat. |


### Kontakbesonderhede

Mnr. Leon van der Berg

leon.vanderberg@menlopark.co.za

081 423 9438